# AFRIKAANS

# Tema 6 & 7

(Hersiening)

## Graad 6

Week 5:  18-22 Mei

Laerskool Mikro Kopiereg ©



Hierdie week se formaat lyk effens anders as die vorige weke s'n.

Ons gaan hierdie week fokus op Tema 6 en 7 se taalaspekte voordat ons aanbeweeg na Tema 8.

Baie sterkte met die week se werk.

# Maandag : 18 Mei

*Handboekverwysing p. 67*

Lees die verduideliking oor **DEELWOORDE** voordat jy met die oefening begin.

**Deelwoorde** word van werkwoorde afgelei en word meestal as byvoeglike naamwoorde gebruik. Daar is verskillende soorte deelwoorde.

### Teenwoordige (onvoltooide) deelwoord

'n Teenwoordige deelwoord verwys na 'n handeling wat nog besig is. Dit word deur die werkwoord plus die agtervoegsel -end (-ende) of -de gevorm, byvoorbeeld:

- hang (ww.) + end(e) = hangend(e): Die stalaktiete vorm op die hangende tou.
- verras (ww.) + end = verrassend: Die eksperiment se resultaat is verrassend.
- staan (ww.) + de = staande: Sit die spyker in die staande water.

### Die verlede deelwoord

Die verlede deelwoord verwys na 'n handeling wat afgehandel is.

Die **swak verlede (voltooide) deelwoord** word deur die werkwoord plus die voorvoegsel ge- en die agtervoegsel -de of -te of -e gevorm, byvoorbeeld:

- ge + kleur + de = gekleurde: Jy kan gekleurde water gebruik.
- ge + knip + te = geknipte: Hou die geknipte spiraal bokant die vlam.

Die **sterk verlede deelwoord** het gewoonlik 'n figuurlike betekenis en klinkerverandering kom daarin voor. Ons sien dit byvoorbeeld in woorde soos die volgende:

- ge- + breek + -e + klinkerwisseling = gebroke
- ge- + soek + -e + klinkerwisseling = gesogte
- be- + reis + -e + klinkerwisseling = berese


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Maandag : 18 Mei

Opskrif vir aktiwiteit: Deelwoorde p. 67

Voltooi nou nommer 1 a-m deur die regte vorm van die woorde tussen hakies te skryf. Jy moet die hele sin uitskryf en die woord wat jy verander het met 'n kleurpen/-potlood onderstreep.

1. Gee die regte vorm van die woorde tussen hakies.
   a) Die (werk) leerders is in die laboratorium.
   b) Skryf (verduidelik) aantekeninge oor die eksperiment.
   c) Die lig van die (ondergaan) son verhit die appels.
   d) 'n Mens gebruik 'n (vou) tertpan vir die sonverwarmer.
   e) Jy kan die sonverwarmer gebruik om (bak) appels te maak.
   f) Ons wag met (inhou) asem om te sien wat in die eksperiment gebeur.
   g) Ek is baie (opwen) oor die resultate.
   h) Selfs die (bederf) kinders geniet die eksperimente.
   i) 'n Mens sien die (hang) pypskoonmaker in die fles.
   j) Die (droog) pypskoonmakers is pragtige versierings.
   k) Die (staan) fles moet versigtig hanteer word.
   l) Die water moet (kook) warm wees.
   m) Die (knoop) tou is aan 'n potlood vas.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag : 19 Mei

*Handboekverwysing p. 68*

Lees die verduideliking oor **BYWOORDE** voordat jy met die oefening begin.

## Taalfokus 2: Bywoorde

**Bywoorde** beskryf gewoonlik 'n werkwoord, 'n ander bywoord of 'n byvoeglike naamwoord. Dit vertel vir jou wanneer, waar, hoe en hoeveel of hoe erg iets gebeur. Daar is verskillende soorte bywoorde en die belangrike vier waarvan jy nou gaan leer, is die volgende:

- Bywoord van tyd: Skryf daagliks jou waarnemings neer. (Wanneer?)
- Bywoord van plek: Sit die ander appel hier. (Waar?)
- Bywoord van wyse: Die instruksies volg logies op mekaar. (Hoe?)
- Bywoord van graad: Ek voel baie tevrede met die resultaat van die eksperiment. (Hoeveel?)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag : 19 Mei

Opskrif vir aktiwiteit: Bywoorde p. 68

Voltooi nou nr. 2-5.



1. Die vetgedrukte woorde in die vertelling is almal bywoorde. Sê watter soort bywoord elkeen is.
2. Skryf die bywoorde in elke sin neer en sê watter soort bywoord dit is.
   a) Onthou om die bestanddele netjies neer te skryf.
   b) Ons het genoeg gewerk.
   c) Ons sien snags die sterre.
   d) Ons gaan die eksperiment hier uitvoer.
3. Skryf die volgende sin in die direkte rede.
   Meneer Wetenskapticus het ons gewaarsku om aan niks te vat as hy nie by is nie.
4. Uit watter basisvorme en voorvoegsels en agtervoegsels bestaan die volgende woorde?
   a) gewaarsku b) koeksoda
   c) ontploffing d) veilige
5. Wat beteken mikro- in mikroskoop? Kies die korrekte antwoord: (groot, ver, klein).

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag : 19 Mei

*Handboekverwysing p. 69*

Lees die verduideliking oor **AKSENTTEKENS (akkuut en gravis)** voordat jy met die oefening begin.

## Taalfokus 3: Aksenttekens


Daar is twee soorte aksenttekens in Afrikaans, naamlik die **akuut** en die **gravis**.

### Die akuut

- Die akuut word net op klinkers geplaas – nooit op medeklinkers nie.
- Dit word in sekere name en vanne en woorde van ander tale gebruik, byvoorbeeld Cronjé, Esmé, cliché.
- Dit word gebruik om klem aan te dui, byvoorbeeld:
  - Jy moet dié eksperiment doen, nie daardie een nie.
  - Jy kan óf 'n koffieblik óf 'n plantpot gebruik om die sonverwarmer te maak.
  - Wees áltyd versigtig wanneer jy met skerp voorwerpe werk.
  - Ek hét dit gedoen!

### Die gravis

- Die gravis word net in vier Afrikaanse woorde gebruik (dè, hè, nè, appèl).
- Dit word ook in woorde uit ander tale gebruik, byvoorbeeld: crèche, première.



- Die gravis verander die letter se klank. Sonder die aksentteken sou daar geen verskil tussen appèl en appel gewees het nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Dinsdag : 19 Mei

Opskrif vir aktiwiteit: Aksenttekens p. 69

Voltooi nou nr. 1-4.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Skryf die sin hieronder in jou klaswerkboek oor en voeg die regte aksenttekens in.

   "De, vat jou appel en jou peer en eet dit nou, nie later nie," sê mevrou Cronje.

2. Skryf die sin nou oor in die indirekte rede.
3. Hoe verskil die betekenis van die volgende sinne:

   a) Doen dié eksperiment nou.

   b) Doen die eksperiment nóú.

4. Waarvoor staan die akronieme in die kantlyn?

Unisa

WAT

SARVU

HAT

Krygkor

Sadou

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag : 20 Mei

LAERSKOOL MIKRO

*Handboekverwysing p. 72*

Voltooi die Deurlopende Assessering. MOENIE nommer 3 doen nie.

Opskrif vir aktiwiteit:
Deurlopende Assessering p. 72

1. Skryf die basisvorm(e) van die volgende woorde neer:
   a) spierwit  b) professor
   c) grillerige  d) witmuise
   e) hope (7)
2. Skryf die voor- en agtervoegsels in die volgende woorde neer:
   a) buise  b) grillerige
   c) gemors (5)
3. a) Kies die korrekte antwoord: Die woord "sommer" in strofe 1 is 'n bywoord van (tyd, plek, graad). (1)
   b) Skryf die ander bywoord in strofe 1 neer en sê watter soort dit is. (2)
   c) Skryf 'n bywoord van wyse uit strofe 2 neer. (1)
4. Gee die korrekte vorm van die deelwoorde tussen hakies:
   a) Die (hardloop) muise laat die meisies gil.
   b) Die vet (voer) muise hardloop rond.
   c) Die (gil) meisies is bang vir die muise.
   d) Hy doen (opwen) eksperimente.
   e) Die professor is 'n (lees) man. (5)
5. Verbeter die spelfoute in die volgende sin: De, dit is mos wat jy wou hê, ne? (2)
6. Gebruik aksenttekens om die onderstreepte woorde te beklemtoon: Ek wil <u>die</u> eksperiment nou <u>dadelik</u> uitvoer. (2)
7. Waarvoor staan die volgende?
   a) ml  b) a.g.v. (2)
8. a) Wat is die afkorting vir verworwe immuniteitsgebreksindroom?
   b) Wat is die afkorting vir persoonlike identiteitsnommer?
   c) Waarom word die afkortings wat jy hierbo neergeskryf het akronieme genoem? (3)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag : 21 Mei

*Handboekverwysing p. 80*

Lees die verduideliking oor **ONTKENNING** voordat jy met die oefening begin.

**1. Twee nie's (nie ... nie) in Afrikaans**

In Afrikaans gebruik ons gewoonlik twee nie's in die ontkennende vorm, byvoorbeeld:
Die vrou is besig om 'n biografie te skryf. →
Die vrou is nie besig om 'n biografie te skryf nie.

**2. Net een nie**

In baie kort sinne in die teenwoordige tyd gebruik ons net een nie, byvoorbeeld:
Sy werk. → Sy werk nie.

**3. Bevele in die ontkenning**

Daar is twee soorte bevele in die ontkenning:

a) Bevele sonder die woord "asseblief", byvoorbeeld:
Maak jou boek oop →
Moenie jou boek oopmaak nie!

b) Bevele met die woord "asseblief", byvoorbeeld:
Maak asseblief jou boek oop! →
Moet asseblief nie jou boek oopmaak nie!

**4. Ontkenningswoorde en die woord "nie"**

Sekere woorde verander in die ontkennende vorm:

| | |
|---|---|
| iemand → niemand ... nie | êrens → nêrens ... nie |
| iets → niks ... nie | al ooit → nog nooit ... nie |
| altyd → nooit ... nie | een → geen ... nie |
| nog → nie meer ... nie | al → nog nie ... nie |
| moet → moenie ... nie | ooit → nooit ... nie |

**5. óf ... óf → nóg ... nóg**

In die ontkennende vorm verander óf ... óf na nóg ... nóg, sonder 'n nie, byvoorbeeld:
Sy wil óf 'n biografie óf 'n outobiografie skryf. →
Sy wil nóg 'n biografie nóg 'n outobiografie skryf.

Die akkuutteken word hoofsaaklik gebruik om beklemtoning aan te dui.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag : 21 Mei

Opskrif vir aktiwiteit: Ontkenning p. 80-81

Voltooi nou nr. 2-3.

**2.** Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm:

a) Sy skryf.
b) Sy skryf 'n biografie.
c) Daar is 'n verskil tussen 'n biografie en 'n outobiografie.
d) Het 'n biografie 'n spesifieke formaat?
e) Ek het iets oor biografieë geleer.
f) Het jy al ooit 'n leesstuk oor Outa Lappies gelees?
g) Maak asseblief jou handboek by die dagboekinskrywing oop.
h) Maak jou handboek by die dagboekinskrywing oop.
i) Ek lees graag óf biografieë óf ander ware verhale.

**3.** Beantwoord die volgende vrae in die ontkennende vorm. Begin elke antwoord met "Nee, …".

a) Het sy al die boek gelees?
b) Lees hy nog?
c) Het hulle êrens heen gegaan?
d) Het iemand die biografie gelees?
e) Skryf sy iets?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag : 22 Mei

*Handboekverwysing p. 84*

Voltooi die Deurlopende Assessering. Doen slegs die volgende nommers: 1, 5, 6, 7.

Opskrif vir aktiwiteit: Deurlopende Assessering p. 84

**1.** Waarvoor staan die volgende afkortings:

a) mnr.
b) past. (2)

**5.** Skryf die regte vorm van die woord tussen hakies.

a) Die (hooggelaai) waentjie is maar wankelrig.
b) Die (praat) predikant is hartseer.
c) Hy het oral 'n (help) hand verleen.
d) Ek is reeds (gehelp), dankie.
e) Outa Lappies se (handgemaak) kunsskatte is baie waardevol. (5)

**6.** Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm:

a) Almal weet wie Outa Lappies is.
b) Sy werk is maklik om in die hande te kry.
c) Jy kan nog van sy werk koop.
d) Het jy al van hom gehoor?
e) Het iemand sy lewensverhaal geskryf? (10)

**7.** Gebruik die sleutelwoorde tussen hakies om idiome vir die volgende te gee:

a) 'n Baie goeie geheue. (olifant)
b) Die geheim is verklap. (aap)
c) 'n Slegte kopie. (kat)
d) Gou kwaad word. (perdjie)
e) Baie kwaad wees. (hoenders)
f) Dit reën terwyl die son skyn. (jakkals)
g) Nie dom wees nie. (kalkoen)
h) Onraad vermoed. (hond)
i) As jy genoeg geëet het, is die kos nie meer lekker nie. (muis)
j) Niemand sal dit ooit weet nie. (haan) (10)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dankie!

Jy het hierdie week se Afrikaans voltooi.

Ons sal al die memorandums vir jou volgende week aanstuur.

Lekker naweek ☺

Laerskool Mikro Kopiereg ©